# CHIPS se 2021/22 Artikel van die Jaar aangewys

Persverklaring, Plaas Media

Aartappels SA (ASA) het onlangs tydens sy jaarlikse Moerkwekers-forum en ASA-kongres op 21 en 22 September verskeie toekennings oorhandig. Een daarvan was die *CHIPS* 2021/22 Artikel van die Jaar.

*CHIPS* is die amptelike mondstuk en tydskrif van ASA, en word deur Plaas Media uitgegee. *CHIPS* is 'n produsente-tydskrif waarin al die werk wat namens produsente deur ASA en ander rolspelers in die aartappelwaardeketting verrig word, in artikelvorm gestalte kry. Dit is 'n vertoonvenster vir ASA se jongste kultivarproewe, navorsing deur akademiese instansies oor aartappelsiektes en onkruidbeheer, die jongste goeie produksiepraktyke, asook ASA se transformasieprojekte, generiese bemarking, asook marktendense en markverwante inligting.

## Die suksesresep

"Die geheim van 'n goeie *CHIPS*-artikel," het Lynette Louw, redakteur van *CHIPS*, gesê, "is dat dit tot die navorser, tegniese adviseur én produsent moet spreek. Dit moet dus leesbaar én verstaanbaar wees, sonder om afbreek te doen aan die wetenskap agter die onderwerp. Uiteenlopende groepe mense moet daarby aanklank vind en die inhoud kan toepas."

Vanjaar se kortlys het uit 'n verskeidenheid van lang, kort, tegniese en maklik-lees artikels bestaan. Meer as 60 artikels is oorweeg uit tien uitgawes wat tussen Januarie 2021 en Augustus 2022 uitgegee is. Artikels is beoordeel op grond van vier kriteria:

- **Formaat:** Sinvolle paragrawe, subopskrifte, logiese vloei (inleiding, agtergrond, metodiek, bespreking, gevolgtrekking).
- **Grammatika:** Korrekte spelling, goeie grammatika, goeie sinskonstruksie.
- **Aanbieding:** Interessantheidswaarde, leersaamheid, wetenskaplikheid, oordrag van moeilike begrippe, verstaanbaarheid vir gehoor (beide wetenskaplikes en produsente) en verteerbaarheid van inligting (maklik lees, verstaan, begrip).
- **Grafika en toeligting:** Sinvolle grafieke, beskrywende foto's, kwaliteit van foto's en prente, en waarde toegevoeg deur foto's en grafieke.

## Top vyf artikels

'n Kortlys van 12 artikels is uiteindelik saamgestel en daaruit is die top vyf gekies. Die top vyf het almal geraamde sertifikate geborg deur Plaas Media ontvang:

- **Vyfde plek:** Michael Holloway, Kes Murray en Julian Conrad van GEOSS South Africa vir hulle artikel getiteld 'Managed aquifer recharge: The basics, benefits and risks' (*CHIPS* Julie/Augustus 2022).
- **Vierde plek:** Chantel du Raan van ASA vir haar kort maar insiggewende artikel oor '*Sclerotinia*-verwelk' in die 'Wat op aarde'-reeks (*CHIPS* Maart/April 2022).
- **Derde plek:** Prof Hannalene du Plessis van Noordwes-Universiteit vir haar artikel, 'Is *Tuta absoluta* weerstandbiedend teen insekdoders in Suid-Afrika?' (*CHIPS* September/Oktober 2021).
- **Tweede plek:** Prof Martin Steyn van die Universiteit van Pretoria vir sy artikel, 'Span weerdata in vir besproeiingskedulering' (*CHIPS* September/Oktober 2021).




*Van links is Lynette Louw, redakteur van CHIPS, Jamie Jansen van Vuuren van die Aartappelsertifiseringsdiens, en André Labuschagne van Syngenta.*

## En die wenner is …

Die eerste plek en *CHIPS* Artikel van die Jaar het gegaan aan Jamie Jansen van Vuuren van die Aartappelsertifiseringsdiens, vir sy artikel 'Stuit Alfalfa-mosaïekvirus in sy spore'. Die artikel het in *CHIPS* se November/Desember 2021-uitgawe verskyn. In haar evalueringskommentaar oor die artikel het Louw geskryf: "Uiters interessante artikel. Baie goeie agtergrond en aanbieding van navorsing. Goeie, praktiese gebruik van grafika en foto's wat die virus se invloed illustreer."

Jansen van Vuuren het 'n stewige prys losgeslaan wat deur Syngenta geborg is en deur André Labuschagne oorhandig is. Hy is R10 000 kontant ryker en het ook 'n handige reiskoepon ontvang. Ons wens hom weereens geluk met 'n uitstekende artikel.

## 2023 se toekennings

Artikels wat in die *CHIPS*-uitgawes van September/Oktober 2022 tot September/Oktober 2023 gepubliseer is, sal vir aanstaande jaar se toekenning in aanmerking kom.

Vir meer inligting oor die evalueringskriteria, stuur 'n epos na lynette@plaasmedia.co.za.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 6 • NOVEMBER / DECEMBER 2022



**SANDSPLEET, SPLEETSKURF OF ANDER OORSAKE: OORSIG VAN AARTAPPELKRAKE**

**SANDVELD KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2021/22**

**Improving diversity in potato plantings**

**Use of lime in soil: Acidity is no longer visible**

**Reviewed and updated ARC irrigation manual**